Tema: Wees koning oor jouself deurdat die Heilige Gees jou beheer.

Lofsang met die oog op die erediens
Sb. 1 - 2: 1,2,3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps 110 - 3: 1,2
Votum
Seën
Loflied Sb 5 - 3: 1,2;
Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op die Tiende Gebod
HK Sondag 44
Sing Sb 5-4: 1,2,5,6
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Spreuke 25: 26
Galasiërs 5: 19 - 25
Efesiërs 2: 1 - 7
2 Petrus 1: 3 - 7
Fokusverse: Galasiërs 5: 23 - 24.
Sing: Sb 14 - 3: 1,4 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing in beurtsang: Sb 14 - 4: 1 (almal), 2 (srs), 3 (br), 4 (almal).
Gebed
Liefdegawes by die deure
Sing Sb 14 - 1: 1
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

(Wys skyfie 1)
Selfbeheersing is die “pause”-knoppie van jou innerlike lewe! Dit is die gawe wat God aan ons gegee het om onsself te beskerm en om in beheer van onsself te bly. Dit is daardie vermoë om in enige situasie jouself tot orde te roep – vir ŉ oomblik alles wat in jou kop en in jou lewe aan die gang is, te stop en te vra: wie is nou in beheer?

Die Spreukedigter gebruik ŉ ander metafoor vir selfbeheersing. Hy sê: selfbeheersing is soos die verdedigingsmuur van ŉ stad. (Wys Skyfies 2-5) Die dorpe en stede in die ou tyd het ŉ muur nodig gehad om hulle te beskerm. ŉ Sterk en hoë muur met groot deure of poorte wat hulle kon toesluit en waarbinne hulle dan veilig was.
Sonder so ŉ beskermingsmuur was ŉ stad se inwoners weerloos! Niks kon hulle beskerm teen die aanvalle van bose mense en magte nie! Die vyand kon eenvoudig instroom en alles verwoes.

Dit is wat gebeur wanneer ŉ mens sonder selfbeheersing lewe. Wanneer jy nie jou “pause”-knoppie druk nie! Jy is weerloos teen jou eie sondige begeertes en die versoekinge wat van buite kom! Jy gee jou oor aan enige impuls wat jou sondige begeerte prikkel dit oorstroom jou denke en dade! En die enigste manier om dit keer is met selfbeheersing.

Selfbeheersing is om met krag beheer oor jouself uit te oefen. Dit is om in beheer te wees en kontrole uit te oefen. Dit is om getemperd te wees, nie oor te gee aan allerhande impulse en emosies en dan buite beheer te raak nie! Dit is die vermoë om vir jouself nee te sê!

Kom ons vat dit saam: Dit is om koning van jouself te wees en met ŉ sterk krag oor jouself te regeer – deur die Heilige Gees jou lewe te laat beheers! Die beheer en krag wat God ons gee, is die Heilige Gees.
Hoekom het God die Gees in ons kom woon en wil Hy ons lewe beheers? Want God het ons as konings oor die wêreld aangestel. Die mens is koning oor die wêreld, alles is aan ons onderwerp en ons is verantwoordelik vir God se skepping. Ons lees in Genesis 1 dat God ons gemaak het om te heers oor sy skepping!

Maar om oor die aarde te regeer moet ons in die eerste plek oor onsself regeer! Ons moet in beheer van ons eie denke, emosies en dade bly. Dit is wat Adam en Eva in die paradys nie gedoen het nie! Hulle het toegegee aan hulle eie begeertes en daarmee het bose kragte en magte toegang gekry om my te regeer! Vanweë die sonde is daar nou verskillende kragte en magte in hierdie wêreld wat beheer van my wil neem!

Dit staan in Gal 5: 17!. In die eerste plek wil my sondige natuur met al sy begeertes en hartstogte wil oor my regeer. Dat ek net aan my eie begeertes sal toegee. In die

tweede plek wil Satan beheer van my lewe neem sodat ek kan doen wat hy wil en dan is daar in die derde plek nog al die versoeking en verleidinge wat die wêreld my aanbied en wat beheer van my lewe wil neem!

Geliefde brs. en srs., ons sou magteloos teenoor hierdie bose magte gewees het, as God nie ingegryp het en aan van hierdie magte kom red het nie! Ons lewens sou deur hulle verwoes gewees het! Ons lees van hierdie reddende genade van God in in Efes. 2: 1–6 (Wys skyfie 6)

"Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes [2]wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. [3]So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. [4]Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. [5]Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! [6]Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee,"

Christus het vir my en jou kom loskoop van die beheersing deur die sonde en die sondige magte in hierdie wêreld. Ons staan nou nie meer onder die regering van my sondige natuur en al sy begeertes nie. Ek staan nie meer ons die regering van Satan nie en die wêreld en al sy verleidinge en versoeking kan my nie meer beheer nie!
Nee, ek staan nou onder God die Heilige Gees se regering. Hy woon in my en Hy gee aan my hierdie gawe van selfbeheersing! Nou kan ek regeer oor myself deur na die Heilige Gees te luister. Dit is wat Paulus in Gal 5: 24 bedoel waar hy skryf "Ons lewe nou deur die Gees, laat die Gees nou ons gedrag bepaal."

En om dit te kan doen het ek nou die gawe selfbeheersing!

Ek kan in enige gegewe situasie, met enige impuls wat na my toe kom, enige emosie wat my oorweldig, enige versoeking van Satan of enige verleiding waarmee die wêreld my wil vasvang, die "pause"- knoppie druk en besluit: wie regeer my lewe? Ek kan "nee" sê vir die sonde en "ja" sê vir God se wil in my lewe!

So word selfbeheersing my verdedigingsmuur! So hou ek my veilig teen my geestelike aanvallers. Paulus gee 'n mooi voorbeeld in Efes 4: 26 waar God ons leer: "Wanneer julle kwaad word, moenie sondig nie!" Om kwaad te word is 'n gewoon menslike impuls – maar wanneer ek kwaad word – druk ek met die krag van die Gees die "pause"-knoppie – ek kry met krag beheer en ek plaas myself onder die Gees se beheer. Dan word jy kwaad maar met selfbeheersing doen jy nie sonde nie!

Maar brs en srs, om selfbeheersing as gawe van die Gees te gebruik, verg van ons inspanning en oefening! Ons kan so maklik in gewoonte val om sommer maar oor te gee aan die eerste en beste impuls en gedagte en optrede! Daarom moet ons leer om die "pause"- knoppie te druk en dit verg harde werk, oefening en volharding! Dit leer die Here ons in 1 Kor 9. Kom ons lees daar:

(wys skyfie 7)
" Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. [25]Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. [26]Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. [27]Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."

Petrus moedig ook sy lesers aan om hierdie gawe van die Gees te ontwikkel en te oefen en hulle geloof daarmee te verryk. Hy sê in 2 Petrus 1:" [5]En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, [6]die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, "

Om dus koning oor myself te wees moet ek alles in die stryd werp om seker te maak dat ek hierdie kragtige verdedigingswapen wat God my gegee het, effektief gebruik! Dat ek as gelowige in enige situasie koning van myself bly en nie toelaat dat iemand anders my stad inneem nie!

Br en sr, ons moet verstaan en ons weet dit ook : Ek kan die beheer of regering oor myself weggee. Dit is moontlik! Alhoewel Christus ons van die beheersende mag van die sonde bevry het, kan hierdie magte steeds geweldige invloed op my uitoefen as ek dit toelaat! As ek in die gang van die lewe nie my "pause"knoppie druk nie! Ja, ek kan in 'n stad sonder mure leef!
Maar kyk net hoe lyk daardie stad dan:
(wys skyfie 8)
Galasiers 5: [19]Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20]afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21]afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. "

Wanneer ons die koningskap oor onsself weggee, dan beland ons in die moeilikheid! Ons sien dit vandag in die wêreld gebeur! Dit is vir die mense van die wêreld 'n doelwit om te bereik, die is vir hulle die lekkerste om buite beheer te kan raak! Om hulle oor te gee aan hierdie magte wat hulle lewe beheers. Om geen selfbeheersing toe te pas nie! Gaan groot of gaan huis toe – is die slagspreuk! Brandewyn het nie brieke nie! Net een oomblik – een keer wat ek nie die pause-knoppie druk nie - en alles is buite beheer – Die vyand neem my stad oor!

Dit waarom seksuele losbandigheid, uitspattige drinkery en etery en jouself oorgee aan enige ding wat vreugde kan bring, vandag die manier is om te ontvlug en sg te ontspan! Jy gee jouself oor! Nee, die waarheid is: jy gee jouself weg aan magte wat jou lewe gaan verwoes!

Ongelukkig besef mense nie! Satan, my sondige begeertes en die wêreldse versoeking is nie goeie konings nie! Hulle wil my nie beskerm nie, hulle wil my verwoes! Hulle doel is alleen maar om my stad – my geestelike lewe - te vernietig! En hierdie tragiese waarheid sien ons elke dag in die lewe van mense wat hulle lewens verloor het aan bose dinge en magte!

Geliefdes, maar hierteenoor kom die wonderlike evangelie vanmore: die Here het ons konings gemaak van ‘n stad met ‘n sterk muur: ons ons lewe met selfbeheersing! “n Gawe van die Gees wat ons met krag gebruik om ons deur die Gees van God te laat lei! Dit is ons beskerming en so bly ons onder God se regering!

Selfbeheersing is die gawe wat God ons gee om ons geestelike lewe te beskerm en te laat groei! Dit is hoe jy aan God getrou kan bly en hoe jy leer om gehoorsaam aan God se wil te leef! Dat jy sterker is as jou eie sondige begeertes en kan nee sê vir verkeerde gedagtes en dade! Dat jy kan nee sê as Satan jou wil versoek om sonde te doen!

Dit was hoe ons Here Jesus aan sy Vader getrou gebly het! Dat Hy selfbeheersing toegepas het op kritieke oomblikke in sy lewe! Byvoorbeeld: toe Hy daardie nag voor sy kruisiging in die tuin van Getsemané  gaan bid het! Br en sr, daardie gebed was ŉ worsteling om beheer! Moet Jesus regtig gaan doen wat die Vader wil hê Hy moet doen? Ons Here was bang, Hy wou nie – Hy het gesoek na ŉ ander uitweg - maar dan neem hy beheer en Hy besluit en Hy bid: Vader, nie my wil nie maar U wil! Daardie oomblik het Hom bloedsweet gekos!

Dit is waarom ons ernstig moet stry teen hierdie ander magte in ons lewe

Liewe, brs en srs en kinders, kom daar in my en jou lewe daagliks sulke oomblikke: Dat ek en jy die “pause”-knoppie moet druk en vra: wie is in beheer? Gaan ek nou hier doen wat ek wil of gaan ek doen wat God wil! En die wonderlike genade is dat ons deur die krag van die Heilige Gees, elke keer die regte besluit kan neem!

Ons kan in beheer bly van ons stad want Hy wat in beheer van ons lewe is, is sterker as die bose magte! Jesus Christus, ons Here, ons Koning, het die bose magte oorwin aan die kruis! Ek en jy moet in hierdie oorwinning deel deur Hom elke keer koning van my hart te maak wanneer ek in daardie beslissende “pause”-oomblik is!

Daar waar ek voor die keuse staan: Is dit ek en die Gees van God of my sondige begeertes? Is dit Satan of is dit Christus? Is dit die lekker dinge van die wêreld of is dit gehoorsaamheid aan my Here!

(Wys skyfie 9) Br en sr : bly in beheer van jouself! Bly koning oor jouself deur die Gees van Christus oor jou te laat heers in daardie “pause-oomblikke van jou lewe! Die Gees gee aan jou hierdie gawe van selfbeheersing! Dit is jou verdedigingsmuur – so bly jy veilig, so hou ons die vyand uit  en so bly ons getrou aan ons Here Jesus– die Koning van ons lewe!

Amen

Sing in beurtsang Sb 14 – 4 in antwoord op die Here se boodskap aan ons